# Bly Gereed en Waaksaam



**2025-10-26**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Die Gelykenis van die vyf verstandige en die vyf onverstandige maagde

Mat 25:1  Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. 2  En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas. 3  En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. 4  Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem. 5  En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. 6  En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet! 7  Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed. 8  En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit. 9  Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liewer na die verkopers en koop vir julleself. 10  En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit. 11  Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop! 12  Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, ek ken julle nie.
**13  Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.**

2

# Gelowiges is verloof aan Jesus Christus

Hos 2:18  En Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming.
Hos 2:19  En Ek sal My met jou verloof in trou; dan sal jy die HERE ken.

2 Kor 11:2  Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, **om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel**.





Openb 19:7  Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die **bruilof van die Lam** het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.

8  En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die **regverdige dade van die heiliges**.

9  Toe sê hy vir my: Skryf **salig is die wat genooi is** na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.



3

# Jou lamp moet brand as die Koning kom

Fil 2:15  sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle **skyn soos ligte in die wêreld**,

Fil 2:16  deurdat julle die woord van die lewe vashou, my tot 'n roem **teen die dag van Christus**, dat ek nie verniet geloop of verniet gearbei het nie.



Dwase (vals) Christene
vs
Ware Christene



Mat 25:2  En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas. 3  En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. 4  Maar die **verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe** geneem.

4

# Mense word moeg en vaak

Mat 25:5  En terwyl die **bruidegom talm** om te kom, het **hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak**.

- Al 10 die meisies het vaak en moeg begin word.
- Verloor fokus.  Kyk na ander dinge
- Die vlees raak sterker as die gees
- Begin dalk twyfel of Hy gaan kom.
- Begin dalk selfs vrees.
- Baie mense slaap maar eerder terwyl Hy nog nie kom nie.
- Wees geduldig terwyl die oes nog ryp word.
- Jy het olie nodig om jou deur hierdie tyd te dra.



Openb 2:4  Maar Ek het teen jou dat jy jou **eerste liefde verlaat het**.

Openb 2:5  **Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het**, en **bekeer jou** en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.

5

# Christus gaan weer kom - onverwags

Mat 25:6  En **middernag** was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!
Mat 25:7  Toe staan al daardie maagde op en **maak hulle lampe gereed**.
Mat 25:8  En die wat dwaas was, sê aan die verstandiges: Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit.
Mat 25:9  Maar die verstandiges antwoord en sê: Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie. Maar gaan liewer na die verkopers en koop vir julleself.

Die bruidegom het gekom toe daar die minste vir Hom uitgekyk is.




6

# Moet nie die bruilof mis nie

Mat 25:3 En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie.
Mat 25:10 En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. **En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit**.
Mat 25:11 Later kom toe die ander maagde ook en sê: Meneer, meneer, maak vir ons oop!
Mat 25:12 Maar hy antwoord en sê: Voorwaar ek sê vir julle, **ek ken julle nie**.





Luk 18:8 Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, **sal Hy wel die geloof op die aarde vind?**

7

# Wees Waaksaam en Wag op die Here

Mat 25:13 **Waak dan**, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.



Mat 24:40 Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat.
Mat 24:41 Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat.
Mat 24:42 **Waak dan**, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.

**Kry olie in jou lamp, en vat genoeg ekstra saam met jou.**

Jes 40:29 Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie. 30 Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs; 31 **maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag**; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.

8